

Sing vooraf staande: Psalm 48:1 (p. 243)

- 1 Die HEER is groot waar Sions top / hom wentel uit die dieptes op.
Hy is lofwaardig, waar verhewe / die berg en stad in songlans bewe,
en Sion teen die noorde / blink, bó die lof van woorde.
Daar waar in vlekkelose wit / die Koning van die wêreld sit,
het Hy, wat een die vyand waak, / as rotsburg Hom bekend gemaak.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige
werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 33:1, 7 (p. 157)

- 1 Sing vrolik, hef die stem na bowe; / regverdiges, verhef die HEER!
Dit pas opregtes God te lowe / en uit te jubel tot sy eer.
Laat die psalmgesange – / stem van sterk verlange / om die HEER te dank –
by die smeltendskone / harp- en sitertone, / liefde en lof verklank!
- 7 Die HEER wat bo die wentelkringe / van son en maan sy rykstroon stig,
aanskou die mense en alle dinge – / daar's niks bedek voor sy gesig.
Uit sy vaste woning / waar Hy heers as Koning, / sien Hy, Skepper-HEER,
uit oneindig hoë / blou-deurglansde boë / op sy skepsel neer.

Gebed

- *Doksologie:*
- *Aanbidding:*
- *Skuldbelydenis:*
- *Vergifnis:*
- *Dank:*
- *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:*
- *Algemene bede:*
- *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:*

Amen.

Psalm 24:4 (p.)112

- 4 Verhoog, o poorte, nou die boog; / rys, eewge deure, rys omhoog,
want Hy klop aan, die Erekening! / Wie is die Vors, vol majesteit?
Die HEER, geweldig in die stryd – / dis Hy wat optrek na sy woning.

Skriflesing: Johannes 19

Teks: Johannes 19:15

Maar hulle skreeu: Neem weg, neem weg, kruisig Hom! Pilatus sê vir hulle: Moet ek julle Koning kruisig? Die owerpriesters antwoord: Ons het geen koning behalwe die keiser nie. (Johannes 19:15 AFR1953)

Dit is absoluut skokkend om te hoor dat die enigste mense wat veronderstel is om God te ken – en wat nog altyd bely het dat God hulle koning is – hier voor 'n heiden verklaar: **Ons het geen koning behalwe die keiser nie.**

- Ons sou hierdie mense nie daarvan kon beskuldig dat hulle op daardie oomblik vals was nie.
- Dit was die oomblik van waarheid voor die Here en ook vir hulle.
- Daardie verskriklike belydenis was so waar en so eerlik as wat mens kan kry!

Hierdie stuk onbekeerlikheid wat hulle hier bely het, is later weer deur die Heilige Gees onderstreep. Dit het gebeur op Pinkster toe Petrus hulle die kruisiging verwyt het!

Daardie dag het hulle dit bely en gevra wat hulle moet doen om gered te word. Die Bybel beskryf dit eintlik aangrypend:

Toe hulle dit hoor, is hulle diep in die hart getref en het vir Petrus en die ander apostels gesê: Wat moet ons doen, broeders? En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang. Want die belofte kom julle toe en julle kinders en almal wat daar ver is, die wat die Here onse God na Hom sal roep.

(Handelinge 2:37-39 AFR1953)

Hoe erg kan mense tog nie wees nie? Let op hoe diep 'n mens in haat kan verval as hy nie sy sin kry nie – só diep dat hy in 'n oomblik van onnadenkendheid baie lelike dinge kan doen en sê:

Ons het geen koning behalwe die keiser nie!

Kyk net weer wat rondom hierdie uitspraak van die Jode gebeur het.

- Dit is uit die beskrywing in die Bybel baie duidelik dat die hele verhoor en die getuienis wat tydens die verhoor gegee is van die Here Jesus, vir Pontius Pilatus baie gepla het.
- Hy was glad nie oortuig daarvan dat die Jode enigsins 'n saak het nie.

Die Man wat daar by hom ingesleep is om verhoor te word, het glad nie op enige manier vir hom gelyk na iemand wat die keiser as regeerder kan bedreig nie!

Ons lees byvoorbeeld in Johannes 18:33 die volgende:

Pilatus gaan toe weer in die goewerneur se paleis en roep Jesus en sê vir Hom: Is U die Koning van die Jode? (Johannes 18:33 AFR1953)

In die paar woorde wat daarna tussen die Here Jesus en Pilatus gewissel is, word dit duidelik dat Pilatus baie goed weet dat die Jode dinge uit verband ruk en dat hulle lieg.

Dit is waarom hy – al was dit hoe wreed ook al – probeer het om vir die Jode te wys hoe belaglik hulle klag is!

- Hy het die Here Jesus laat gesel, sodat Hy stukkend, gekneus en vol bloed voor hulle almal gestaan het.
- Daarmee saam het hy een van die soldate se mantel om die Here gehang en vir hom 'n doringkroon opgesit.

In hierdie toestand laat Pontius Pilatus die Here Jesus voor die klomp Jode verskyn. Hy doen toe nog twee dinge:

- Die een is dat hy die Here Jesus spottend aan die Jode voorgestel het as hulle koning, sodat hulle hulle belaglikheid moet insien: **Wees gegroet, Koning van die Jode!** (19:3)
- En die ander is dat hy vir die Jode die soldate Jesus in die gesig laat slaan het: **En hulle het Hom in die aangesig geslaan.**

Enige normale mens sou die belaglikheid van sy klag (argument) in hierdie situasie gesien het – maar die Jode kon nie.

- Iemand wat so pateties en bebloed is en homself nie eers kan verweer nie – kan geen koning wees nie.
- Juis in die karikatuur van koningskap kon hulle die ware Koning van God nie herken nie.

Daarom tree hulle tipies op soos wat mense maak wat in haat versmoor!

- Hulle stry nie met Pilatus en sê dat die man nie hulle Koning is nie!
- Want dan weerspreek hulle hulle eie klag!

- Hulle begin net skreeu dat Hy gekruisig moet word.

Die Bybel bespreek die weersprekende dinge wat toe alles gebeur het:

En Pilatus sê vir hulle: Dáár is die mens! En toe die owerpriesters en die dienaars Hom sien, skreeu hulle en sê: Kruisig, kruisig Hom! Pilatus sê vir hulle: Neem julle Hom en kruisig Hom, want ek vind geen skuld in Hom nie. (Johannes 19:5, 6 AFR1953)

Pilatus praat met die skare: **Dáár is die mens!**

Let wel: dié keer sê hy wat hy wil hê hulle moet dink! **Daar is die mens!**

Die klomp verblindes deur hulle haat en vooroordeel, skreeu net: **Kruisig, kruisig Hom!**

Die Heilige Gees beklemtoon die haatverblinde gelowiges se ongenadige optrede wat teenoor dié van die heiden staan!

- Eers die kerkvolk:
En toe die owerpriesters en die dienaars Hom sien, skreeu hulle en sê: Kruisig, kruisig Hom!
- Daarna die heiden se siening:
Pilatus sê vir hulle: Neem julle Hom en kruisig Hom, want ek vind geen skuld in Hom nie.

In hierdie gebeurtenis lê daar die verskriklike klag en waarskuwing vir ons ook:

- Pasop dat jou haat oor jou eie standpunte jou nie so verblind dat jy jou rede verloor nie!
- Ons is tot dieselfde optrede in staat – en die vraag is of ons nie ook al so opgetree het nie.

Dit was ook nie die eerste keer dat die Here die kerkvolk daarop gewys het dat hulle self nie daarin glo dat hulle die Here as hulle Koning het nie.

- Hy het by een geleentheid skerp en reguit gesê dat die duiwel hulle vader is – en nie een van hulle het gestry nie!
Julle het die duiwel as vader, en die begeertes van julle vader wil julle doen. Hy was 'n mensemoordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie, omdat daar in hom geen waarheid is nie. Wanneer hy leuentaal praat, praat hy uit sy eie, omdat hy 'n leuenaar is en die vader daarvan. Maar omdat Ek die waarheid spreek, glo julle My nie. (Johannes 8:44, 45AFR1953)

In die paradys het ook maar niks anders as dieselfde ontkenning van God se koningskap gebeur nie.

- Adam en Eva het hulle prioriteite duidelik van onderdanigheid van die Here af weggeskuif.
- Hulle het dus hulle Koning net so duidelik en brutaal ontken en verraai as wat die spul Jode voor Pontius Pilatus dit gedoen het.

Kom ons pas dit nou toe op Kruisigingsvrydag.

- Die Here Jesus is grootliks as gevolg van hierdie ontkenning en miskennings van God se koningskap kruis toe gestuur.
- Die kerkvolk het hulle aan die aardse keiser onderwerp sodat hy vir hulle die Here (die werklike Koning) onder hulle moes uitroei.

Dis die soort mense vir wie die Here gekruisig is.

- Hy het gaan sterf sodat daar vir sulke brutale haters deur sy liefde 'n nuwe lig mag opgaan – die lig dat hulle weer hulle God en Here as Koning kan erken.
- Die aanvaarding van die kruisdood van die Here Jesus bring ons uit die natuurlike haat van die wêreld uit terug in die liefde van God se genade.

Baie eenvoudig gestel, beteken dit dat ons deur die kruisdood weer die Here se liefde leer ken.

- Sy liefde laat die Heilige Gees ons tot bekering bring.
- Bekering maak ons weer eerlik. Eerlik in ons belydenis, maar ook eerlik in ons insigte.

Die waarheid hiervan het die Here op Pinksterdag geopenbaar toe daar drieduisend mense gedoop is – waaronder daar ook van dié was wat hierdie dag so brutaal verklaar het: **Ons het geen koning behalwe die keiser nie!**

Ons herdenk Kruisigingsvrydag as die dag waarop die ewige Koning gesterf het sodat ons deur sy versoening weer genade mag kry – genade om weer voor sy troon te mag verskyn en Hom te bely as ons Enigste Koning!

- Laat ons daarby ook onthou en besef dat die Here sy Gees vir ons gegee het om ons te leer en te lei om nie redeloos te wees of te word nie.
- Kom ons oefen ons siel se oë om altyd die waarheid en God se eer te kan sien en ons siel se ore om God se stem te kan hoor.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 45:9, 10 (p. 232)

- 9 O dogter, wat die bruidsroep hoor, / o skoonste, luister, neig jou oor!
Vergeet jou volk, jou eie vlees, / dat jy die Koningsbruid kan wees.
- 10 Gee dan die Koning, groot van mag, / op jou en op jou skoonheid ag,
o weier nie: buig voor Hom neer; / Hy is jou Koning en jou HEER.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: Kruisigingsvrydag, 22 April 2011